

Inskrywings 2020

'n Paar riglyne om in gedagte te hou wanneer u graad 7 kind inskryf:

1. U kan u kind volgens GDE regulasies slegs op een wyse inskryf en dit is aanlyn by die volgende webadres: www.gdeadmissions.gov.za
2. Die GDO se amptelike bestuursplan is nou vrygestel en die amptelike datum vir inskrywing is 13 Mei 2019 om 08H00. Inskrywings sal sluit op 25 Julie 2019 om middernag.
3. U gaan heel moontlik voor die tyd op hierdie webblad kan ingaan en selfs kan registreer **MAAR** op die oggend van inskrywing word alle inligting voor 08H00 op 13 Mei 2019 skoongemaak. U kan dus, soos talle ouers verlede jaar, onder die wanindruk verkeer dat u reeds geregistreer is, maar intussen is u inligting verwyder.
4. Indien u ingaan op die webblad gaan u 'n "username" moet skep en dan 'n 8 karakter wagwoord, skryf dit asseblief neer sodat u dit nie vergeet nie anders gaan u nie instaat wees om weer op u persoonlike profiel in te gaan nie.
5. Maak seker u besonderhede is korrek, veral of u vir graad 1 of 8 gaan inskryf. Indien u hierdie keuse foutief insleutel word dit amper 'n saak van onmoontlikheid om dit weer te verander en kan dit slegs deur hoofkantoor verander word.
6. Elke skool het van hierdie jaar af 'n vasgestelde voedingsgebied en slegs leerders wie se ouers in hierdie gebied woon of werk sal op die skool se elektroniese A-waglys / voorkeurlys verskyn. PNHS se voedingsgebied: Oos: Apiesrivier en ou Warmbadpad, Noord: Rosslynpad, Wes: R80 Mabopane snelweg en Suid: R514 insluitend die Mayville/Mountainview gebied.
7. Indien u nie binne hierdie gebied val nie en PNHS u skool van keuse is kan u direk met Mev. Susan van der Westhuizen skakel by ons navraetoonbank om u behulpsaam te wees.
8. Wanneer u dan op die webblad ingaan om te registreer en u sleutel u woon / werkadres in sal u 'n lys van skole in daardie voedingsgebied kry om uit te kies. Moet nie na die "previous school" opsie gaan nie, maar gaan na die "select a school" opsie.
9. Ons versoek dat indien u weet PNHS is u eerste keuse, kies slegs PNHS anders kan u by enige skool geplaas word wat u as opsie gegee het. Indien PNHS nie u eerste keuse is nie moet asseblief nie PNHS as keuse insleutel nie, dan blok u ouers wat PNHS wel as eerste keuse wil kies en word hierdie ouers se registrasie vertraag.
10. Die amptelike datum vir inskrywing is 13 Mei 2019 om 08H00. Doen asseblief so vining as moontlik aansoek om teleurstelling te voorkom, ons plek is werklik baie beperk. Verlede jaar was ons reeds teen 08H39 die dag van inskrywing vol.

11. Ons administratiewe dames sal ook die oggend van 13 Mei gereed staan om u by die skool behulpsaam te wees indien u nie oor 'n rekenaar fasiliteit beskik of sukkel om te registreer.
12. Na hierdie aanlyn registrasie het u sewed ae tyd om u dokumentasie vir inskrywing by die skool in te handig. Sodra dit gedoen is registreer die skool dit elektronies en sal u verskyn op die skool se amptelike elektroniese waglys.
13. Ons administratiewe dames sal ook vanaf Maandag, 13 Mei 2019 tot Donderdag, 16 Mei 2019 ook na-ure vanaf 15H00 – 19H00 by die skool beskikbaar wees om ons werkende ouers behulpsaam te wees met registrasie of inneem van dokumentasie.
14. Slegs die distrik kan name op ons waglys los maak vir finale plasing. Die oomblik wat dit gebeur sal u 'n SMS van die GDO ontvang.
15. U moet dan op u webwerfprofiel ingaan en die aanbod vir plasing aanvaar of verwerp. Indien u dit elektronies aanvaar is u plasing by PNHS gefinaliseer.

Ons hoop hierdie riglyne sal u van hulp wees. Baie sterkte!